



## HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE

Ds Jaco de Bruyn, 50 First Street, Marondera.  
Selfoon en WhatsApp nr. 00 263 77 234 4919  
E-pos: [lite1277@gmail.com](mailto:lite1277@gmail.com)

### NUUSBRIEF

### MEI 2018

Liewe vriende

November 2017 het nuwe hoop vir ons in Zimbabwe ingelei. Maar verandering is stadig.

**“Verwagtings wat nie realiseer nie, lei tot mismoedigheid” (Spr. 13:12).**

Hoop vir die Christen is egter nie gebaseer op ons situasie nie, maar op die Here en sy getrouheid. Die Skrif moedig ons aan om te **“hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop” (Heb. 12:2).**

Ons fokus is noodsaaklik. Petrus het op water geloop totdat hy sy oë van Jesus afgehaal en na die golwe gekyk het! Wat ook al gebeur, hou jou oë vasgestel op Hom, kyk na Hom vir jou toekoms, Hy is jou toevlug, die vaste rots waarop ons kan staan, jou skuiling in die storm. **“Hierdie vooruitsig is soos ’n betroubare en stewige anker – ’n anker wat onbeweeglik vasgemaak is in die Allerheiligste van die hemelse heiligdom...” (Heb. 6:19).**

#### BESOEK AAN SUID-AFRIKA

Graag sê ek baie dankie aan elkeen wat my besoek so besonders gemaak het en die geestelike versterking wat ek kon ervaar. Dankie vir die lekker kuier Willem en Petro, Attie en Bets. Dit was wonderlik om weer ondersteuners, ou bekendes en familie te kon opsoek en hoor waarmee almal besig is. Wees verseker dat ek ook in my gebedsprogram vir julle sal bid. ’n Spesiale dankie aan almal wat vir my gebid het gedurende Februarie en Maart. Dit was ’n besondere uitdagende tyd in my lewe.



**Die twee groepe mense voor wie ek baie dankbaar is. LINKS: Die ondersteungroep 1 Tim 234 van Kempton Park, Francois, Hetta en Pieter. Alta was afwesig.**

**REGS: Die Sending kommissie van die NGK Klerksdorp-Goudkop; ds**

**Schalk, ds Coenraad, Elsabe en Sannie)**



**LINKS: Monica en Neels was soos altyd op hulle pos en ons hou waardevolle kontak dmv sosiale media. Fanie (hulle een seun) en sy gesin is bedrywig aan die Suidkus maar ons sal mekaar ook een dag ontmoet. REGS: Dit was wonderlik om ná baie jare Anda en Jan (foto regs) en Martie weer in Orkney op te soek en te gesels oor wat gebeur het is in hul lewens.**





**LINKS:** My ouboet en sy eggenote het ook afgetree en hulle verhuis eersdaags na die Suid-Kaapse kus.



**REGS:** My skoondogter en haar gesin het hulle huis in 'n versorgingseenheid vir bejaardes omskep. Dit was nogal 'n besige paar uur wat ek by hulle kon deurbring ondanks 'n personeel van vier wat na sewentien bejaardes omsien.



## TERUG BY DIE HUIS

Om vir 'n kort rukkie weg te breek van die daaglikse uitdagings is altyd welkom. Dit veroorsaak ook dat die “weer opneem” van die juk gemakliker is.



Dit was lekker om weer met die leerlinge van St Cyprian Primêre Skool te kon praat na 'n baie lang skoolvakansie van meer as 'n maand. Die klomp het eintlik lus gelyk vir skoolgaan. Ons het ook 'n personeelverandering ondergaan en ek sien uit daarna om met die nuwe onderwysers saam te werk. Die tekort aan mans in die beroep bly egter opvallend. As ek na die plasing kyk, word meeste van hulle by sekondêre skole geplaas. Gevolglik is St Cyprian se personeel uitsluitlik dames. Die situasie maak dit vir my net nog meer dringend dat vaders op 'n Bybelse manier by hulle kinders betrokke moet wees.

## AARTAPPELPROJEK

Die aartappelprojek het goed afgeloop ondanks die wisselende reënvalpatroon die afgelope somer. Die meer senior klasse het baie daarby gebaat en geleer dat dit moontlik is om in 'n beperkte ruimte self groente te kweek. Die uniekheid daarvan in vergelyking met die tradisionele manier van stedelinge om iewers langs die pad 'n stukkie grond te bewerk, sal nog ingang moet vind. Baie dankie vir die skenking wat dit moontlik gemaak het.

## HOSPITAAL

By die hospitaal was daar, soos gewoonlik, in die pre-nap-afdeling 'n klomp nuwe ma's en babas. Op 'n vreemde manier is 'n mens dankbaar daarvoor want dit sê dat die vorige babas en ma's gezond kon huis toe gaan. Gedurende my afwesigheid is die enkele outjie wat langer moes bly, ook ontslaan.

## HUISKERK OP DIE PLAAS



By die huiskerk op die plaas was daar slegte en goeie nuus. Soos julle weet skryf ek nou al lank oor hulle haglike finansiële posisie weens die gebrek aan ekonomiese aktiwiteite op die plaas. Ceiphas, wat meestal die leiding geneem het by die gemeente, het 'n werkseleentheid op 'n ander plaas sowat 300km van ons af bekom en het verhuis. Die verandering was op baie kort kennisgewing (ek self het eers daarvan gehoor met my terugkeer) en dit het die klomp genoodsaak om vinnig aan te pas. Ek was beïndruk en dankbaar om te hoor hoedat hulle dit onder mekaar gehanteer het om die aktiwiteite van die huiskerk voort te sit. Waar 'n mens hartseer is om so 'n leier te verloor, is jy ook

dankbaar om ander te sien in die leemte instap en verantwoordelikheid neem. Daar is nog 'n paar sake om te reël maar andersins gaan ons aan met die werk.



## SONDAGSKOOL BY NG GEMEENTE

Ongelukkig het my Sondagskoolklas by die NG gemeente tot stilstand gekom. Drie gesinne het verhuis. Ek het gehoop daar sal nuwelingte te voorskyn kom, maar dit het nie gebeur nie. Ek sal egter voortgaan om beskikbaar te wees sou die situasie verander.



## SAKE VIR GEBED

Bid asseblief vir:

1. My gesondheid. Dat ek sal kan voortgaan teen dieselfde tempo as in die verlede.
2. Die huiskerk se leiers. Dat hulle die duidelike leiding van die Here sal hoor en volg en dat hulle die nuwe uitdagings op 'n Godverheerlikende manier sal kan hanteer. Bid dat die duiwel in die tyd van verandering geen houvasplek in die gemeente sal kry nie.
3. Die onderwysers. Dat hulle hoë kwaliteit onderrig sal bied aan talle emosioneel verwaarloosde kinders.
4. Gesinne veral op plase. Dat vaders hulle Bybelse rol teenoor hulle kinders volledig sal vervul. Dat daar nuwe werkseleenthede sal oopgaan vir mense wat al jare van een stukwerk na die volgende probeer oorleef.
5. Kinders. Dat hulle die beste sal kan gebruik maak van hulle geleenthede en dat hulle Bybelse leiding sal ontvang van die volwassenes in hulle lewens.
6. Politieke leiers. Dat hulle oë sal oopgaan vir, en dat hulle daadwerklik iets sal doen aan die haglike armoede waarin soveel mense leef -- dikwels weens die politieke leiers se swak besluite.
7. Die komende verkiesing. Dat dié wat verkies word werklik Godvresend sal lewe en regeer.

Mag elkeen van julle 'n wonderlike jaar verder geniet.

**Liefdegroete in Christus,**

*Ds Jaco de Bruyn.*

\*\*\*\*\*

**Bankbesonderhede:** Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159 . (*Skryf asseblief jou kontakbesonderhede op die inbetaling vir verwysing.*)  
**Kontakpersone in Suid-Afrika:** Francois Conradie 082 447 6485, e-pos: [thusang@mweb.co.za](mailto:thusang@mweb.co.za); Hetta Kotze (Nuusbrief) 072 684 9585, e-pos: [hobbit@telkomsa.net](mailto:hobbit@telkomsa.net).